# JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

**NUUSBRIEF:** 33 21 – 28 Oktober 2022

**MINI-KRIEKET**

Die Gr.1-3 spanne het Vrydag, 14 Oktober aan ons eie KFC mini-krieket dag deelgeneem en het dit baie geniet. Hulle het hul seisoen baie goed afgesluit. Mini-Krieket is dan nou eers klaar vir die jaar. Baie dankie vir elke ouer se ondersteuning.

**KRIEKET**

Die 0/11A-span het Woensdag, 19 Oktober teen Grey E gespeel. Hulle speel nou in die Vrystaat liga en hierdie was hul eerste wedstryd. Hulle wen Grey met 10 paaltjies.
Hulle speel Dinsdag, 25 Oktober by ons velde teen Willem Postma om 14:00. Seuns kan 13:30 verdaag, baie sterkte aan hierdie seuns.

Die 0/13A-span het Woensdag, 19 Oktober teen Islamic in die aandreeks gespeel. Hulle wen Islamic met 144 lopies.
Hulle speel Donderdag, 27 Oktober hul laaste aandliga wedstryd teen Seodin in Kimberley by Eureka se velde om 18:00. Bussie sal om 16:15 vertrek. Baie sterkte aan hierdie seuns.

Die 0/11B en 0/13B krieketspanne speel Maandag, 24 Oktober teen Newton om 14:00. Die 0/11B span speel by Jakkies se veld en die 0/13B span speel by Landboudal se veld. Seuns kan 13:30 verdaag. Baie sterkte aan hierdie spelers.

**TWEEKAMP**

Die volgende leerders het plekke behaal by die eerste liga byeenkoms van die seisoen.

**0/13 Seuns**

- Ignus Jacobs – 1'ste plek
- Rauch Burger – 2'de plek
- Christiaan Wilkinson – 3'de plek

**0/13 Dogters**

- Claire Combrink – 5'de plek

**0/15 Seuns**

- Leo Wilkinson – 2'de plek

**0/15 Dogters**

- Luné Fourie – 5'de plek

Baie geluk aan hierdie leerders!

**TENNIS**

Die dogters het Maandag, 17 Oktober teen Hopetown wedstryde gespeel. Dit het baie goed gegaan.
Die dogters speel Woensdag, 26 Oktober teen Eureka wedstryde by ons bane. Wedstryde sal om 14:30 begin. Baie sterkte aan die dogters.

Baie sterkte aan die leerders wat Vrydag, 21 en Saterdag 22 Oktober aan die Novals Tennis Toernooi in De Aar gaan deelneem.

**SKAAK**

Baie geluk aan Wian Enslin wat opgeneem is in die Noord-Kaap span wat in Desember aan die Interprovinsiale byeenkoms in Kimberley gaan deelneem.

**JAARBLAD**

As daar nog enige iemand in die skool se jaarblad wil adverteer, kan julle vir Liané kontak (082 979 5700) voor Woensdag, 26 Oktober asseblief.

**SWEM**

Die Trompsburg Swemgala van Vrydag, 28 Oktober is ongelukkig gekanselleer.

**PRYSUITDELING BORGSKAPPE**

Indien daar ouers is wat voel dat hulle iets vir die prysuitdeling wil borg hierdie jaar, kan u met die kantoor kontak maak. Tel: 053-0505986 (nie trofees).

**KONSERT USB BESTELLING**

Bestellings vir die konsert USB kan nou gemaak word teen R150 elk. Bestellings en betalings sluit teen 31 Oktober. Betalings word gemaak in die skool se rekening. Verwysing: U kind se naam en van, graad, USB. (Byvoorbeeld: Sannie Viljoen Gr5 USB)
Sien afkeurstrokie aangeheg.

**GR.3 ORIËNTASIE VIR 2023 SE GR.4'S**
Ons gaan vanaf 24-28 Oktober met die huidige Gr.3's, al die huidige Gr.4 opvoeders besoek. Hulle gaan die leerders bietjie opgewonde maak oor volgende jaar se groot skuif na Gr.4. Daar sal ook op Vrydag, 28 Oktober, om 12:00 in die skoolsaal, 'n oueroriëntasie wees om al die huidige Gr.3 ouers in te lig oor wat hulle volgende jaar kan verwag.

**GRONDSLAGFASE**
Die Grondslagfase leerders verdaag Maandag, 24 Oktober, om 11:50, as gevolg van GF personeel wat 'n departementele kursus moet bywoon.

**STERKTE AAN LANDBOUDAL MATRIEKS - 2022**
Ons wens al die matrieks, hul ouers en onderwysers baie sterkte toe met die finale eksamen. Mag julle kalmte en helderheid van verstand ontvang en mag ons Heer julle ryklik seën met elke vraestel. Bid vir elkeen van julle vir 'n goeie uitslag.

**MOTORFIETS WEDREN**
Baie geluk aan die volgende leerders se prestasies tydens die motorfiets wedren op 15 Oktober te Landboudal:
- Jason Louw behaal 1'ste plek in die 50cc klas.
- Dylan Britz behaal 5'de plek in die 85cc klas.

**TOUTREK**
Baie geluk aan die volgende leerders wat 1'ste plek behaal het in die

230kg te De Aar:

| | |
|---|---|
| Hetmari Oosthuizen | Gr 1A |
| Elizna Koen | Gr2A |
| Luan Bester | Gr2A |
| Hanru Okes | Gr2A |
| Jacques van Eeden | Gr2B |
| Andreas Schutte | Gr5B |
| Emwee Smit | Gr5B |

**UNISA TEORIE-EKSAMEN**
Baie sterkte aan Simon de Witt wat op 26 Oktober sy Gr.2 Unisa teorie-eksamen skryf.

**POCO PIU KUNSFEES**
Baie geluk aan Juffrou Hannelie Viljoen se musiekleerders met hulle pragtige uitslae tydens die Poco Piu kunsfees:

| | | |
|---|---|---|
| Christibé de Witt | Kitaar | A+ A++ |
| Jason Louw | Klavier | B A |
| | Kitaar | A |
| Roné Burger | Blokfluit | B+ A |
| Marianka Cloete | Klavier | B+ A |
| Danli Moolman | Klavier | B A |
| Benna du Plessis | Blokfluit | B A |
| Lea van Jaarsveld | Klavier | A A+ |
| Juandri Grobler | Kitaar | B |
| Maroné Potgieter | Kitaar | B |
| Ilizé Hanekom | Kitaar | B |
| Simon de Witt | Klavier | A A+ A++ |
| Claire Combrink | Klavier | A+ A+ A+ |
| Kai du Plessis | Klavier | B B |
| Lizae Swanepoel | Klavier | B B+ |
| Sulé Marais | Ukelele | A |
| Jomar Cloete | Kitaar | B+ |
| JP Burger | Kitaar | A |
| GJ van Wyk | Klavier | A A+ |

……..
PW Tait
SKOOLHOOF

**GEBEDSLYS:**

1. Matrieks 2022
2. Liané Bann se pa (hospitaal)
3. Juffrou Drini Brand se ma (hospitaal)

**Bemoedigende Boodskap**

**AFSKEURSTROKIE: KONSERT USB 2022**

OUER: _____

LEERDER: _____

ONS WIL GRAAG _____ (AANTAL) USB @ **R150** ELK BESTEL:

TOTALE BEDRAG INGESLUIT: R_____

HANDTEKENING VAN OUER: _____

DATUM: _____